
# Sistemiese toetse 2023 Verslag


Ons gr.3's en 6'e van verlede jaar het ons weereens trots gemaak met die aflê van die sistemiese toetse wat deur alle Wes-Kaap leerders in gr.3, -6 en -9 geskryf word. Dit is belangrik om altyd in ag te neem dat die leerders wat kwalifiseer vir konsessies, wat deur die WKOD goedgekeur word, saam met die res van die leerders hierdie toetse moet skryf. Hulle ontvang dus geen ondersteuning bv. voorlesers of transkribeerders soos wat hulle onder normale omstandighede tydens formele assesserings ontvang nie.

Vir die graad 3-leerders is tyd 'n groot uitdaging tydens die sistemiese toetse. In die grondslagfase word daar geen tydsbeperking tydens formele assesserings toegepas nie. Wanneer leerders die sistemiese toetse skryf, word daar verwag dat hulle die toets binne 'n uur voltooi. Ons resultate is indrukwekkend, al word die leerders onder druk geplaas.

## Gr.3 Wiskunde


Ons graad 3's het 'n 98.3% slaagpersentasie en 81.2% gemiddeld behaal. Die provinsie het 'n 51.6% slaagpersentasie en 50.5% gemiddeld behaal. Kwintiel 5-skole (skole wat vergelyk met JvR) het 'n 71.9% slaagpersentasie en 62.5% gemiddeld behaal. Die afdeling waarin ons kan verbeter is getalle, bewerkings en verhoudinge ( dit sluit in woordsomme, optel- en aftrekberekeninge en getalbegrip). In die klaskamer sal daar meer gefokus word op die bewoording/terme wat tydens woordsomme gebruik word.







**Gr.3 Huistaal (Afrikaans)**


Ons graad 3's het 'n 91.4% slaagpersentasie en 76,2% gemiddeld behaal. Die provinsie het 'n 42.5% slaagpersentasie en 43% gemiddeld behaal. Die kwintiel 5-skole (skole wat vergelyk met JvR) het 'n 63.9% slaagpersentasie en 56% gemiddeld behaal. Ons gaan die jaar meer fokus op die verbetering van begriplees. Daar sal meer hoë orde denkvrae tydens leeslesse gevra word.







## Gr.6 Wiskunde


Ons graad 6'e het 'n 98% slaagpersentasie en 83,3% gemiddeld behaal. Die provinsie het 'n 40,4% slaagpersentasie en 45% gemiddeld behaal. Die kwintiel 5-skole (skole wat vergelyk met JvR) het 'n 69,6% slaagpersentasie en 60,8% gemiddeld behaal. Die afdeling waarin ons kan verbeter is meting.







**Gr.6 Huistaal (Afrikaans)**

Ons graad 6'e het 'n 92% slaagpersentasie en 71,8% gemiddeld behaal. Die provinsie het 'n 37,5% slaagpersentasie en 40,8% gemiddeld behaal. Die kwintiel 5-skole (skole wat vergelyk met JvR) het 'n 67% slaagpersentasie en 55,8% gemiddeld behaal. Die afdeling waarin daar plek vir verbetering is, is skryfwerk. So Jannies… haal uit daardie potlode en penne – julle gaan meer skryf!






Baie geluk aan ons Gr. 3- en 6 leerders asook die betrokke opvoeders wat hul puik van hul taak gekwyt het om die puik bogenoemde resultate te kon behaal. Julle maak ons baie trots!

**OPGESTEL DEUR:**

**EXCO 2024**